As die kollig die liefde steel

Deur René Pfaff

Gepubliseer in mywêreld

Om ‘n verhouding of huwelik te laat slaag is selfs in die beste omstandighede ‘n uitdaging. Maar waarom is bekendes se kans op verhoudings-sukes net soveel minder?

Die eerste rede mag gekoppel wees aan *persoonlikheid.* Navorsing deur Mark Young and Drew Pinsky wys daarop dat bekende persone op baie groter skaal as die normale populasie die eienskappe van ‘n narsistiese persoonlikheid toon. Narsistiese persone beskik oor ‘n groot mate van grootheidswaan, selfsugtigheid en arrogansie. Hulle glo hul verdien om deur ander spesiaal behandel te word. Dit mag wees dat narsistiese persone juis vanuit die staanspoor meer aangetokke voel tot ‘n beroep in die kollig of dat die kollig en die gepaardgaande aandag daartoe lei dat mense meer self-gesentreerd raak, meer spesiaal en uniek voel en meer en meer op hulself in plaas van andere fokus. Hierdie tipe person kom aan die begin baie interessant, ambisieus en selfversekerd voor en mense word daardeur aangetrek. Op die lange duur is dit egter vir hierdie person total onmoontlik om onselfsugtige, intieme en gelukkige interpersoonlike verhoudinge met ander te bou. Hulle is ook baie meer geneig tot buite-egtelike verhoudinge aangesien hulle voel dat hulle dit verdien omdat hulle spesiaal is. Die belangstelling sal ook hulle ego streel veral as die nuwe persoon glansryk, aantreklik of gewild is. Die fokus is altyd eerste op hulself.

Die tweede rede mag wees dat die tweede party in die verhouding met ‘n glanspersoonlikheid baie *oppervlakkige verhoudingskriteria* stel. Hulle soek bo alles iemand met aansien, geld, wat aantreklik, suksesvol en gewild is. Soos die tyd aanstap en hierdie party meer volwasse raak word dit egter duidelik dat hulle langtermynbehoeftes nie deur hierdie oppervlakkige eienskappe vervul sal word nie. Dan speel vertoue, intelligensie, gedeelde waardes en –belangstellings ‘n groter rol en die eienskappe wat aanvanklik aantreklik was word van minder belang. Hulle besef ook baie vinnig dat geen mens in die werklikheid aan al hul fantasie-eienskappe kan voldoen nie en dat hierdie intensiteit uitputtend raak.

Die derde rede is dat daar *altyd 3 partye* in die verhouding sal wees. Die man, die vrou en “almal”. Hierdie “almal” voel net soos enige derde paty dat hul op alle tye net so geregtig is op die bekende se aandag en tyd. Dit is baie moeilik om oral en altyd tweede viool te speel omdat die person in die kollig eers aandag moet gee aan al sy/ haar aanhangers. Weldrae word dit te uitputtend om met hierdie kompetisie mee te ding en dit vol te hou. Die media as derde party is ook natuurlik geneig om dit wat in ander verhoudinge dikwels in die geheim gebeur, soos ontrouheid en misbruik, raak te sien en te ontbloot. Waar die onbekende maklik met dieselfde gedrag sou kon wegkombinne ‘n verhouding, kan die bekende persoon nie vir altyd die media en al die aanhangers se oë ontwyk nie.

Laastens wys Dai Williams, ‘n bedryfsielkundige, daarop dat verhoudingeprobleme dikwels spesifiek gekoppel kan word aan die *aard van die beroep*. Daar is groter onstabiliteit in verhoudinge waar een of albei partye lang ure verg, tyd weg van die huis moet spandeer en waar dae onvoorspelbaar is. ‘n Ekstrovertiese werksomgewing soos die van sangers, akteurs en sportslui skep ook die geleentheid om met baie nuwe mense kennis te maak wat die kans op ontrouheid vermeerder.

Kopiereg voorbehou

Bogenoemde sal nie vir alle glanspersoonlikhede geld en op alle tye op hulle van toepassing wees nie. Ongelukkig kom hierdie eienskappe en uitdagings baie meer by glanspersone voor as by ons en sal die opwindende vonke van die liefde soms baie vinnig en wreed in die helder lig van die kollig verflou.

Kopiereg voorbehou